GSS

GLOBALE STANDAARDE VIR VERSKAFFERS

# ALLE VERSKAFFERS MOET AAN DIE VOLGENDE VOLDOEN:

HANES Brands Inc

## Werksnemers Praktyke:

HanesBrands is sterk daartoe verbind om werknemers regverdig, met deernis en respek te behandel.
Ons glo daarin om besigheid te doen met Verskaffers wat hierdie verbintenis deel.
Ons vereis dat Verskaffers aan alle toepaslike wette en regulasies oldoen en fundamentele regte van alle mense ondersteun.

## Kinder Arbeid:

Verskaffers sal nie individue in diens neem wat teenstrydig is met die plaaslike verpligte skoolgaande ouderdom of wat jonger is as die wetlike indiensnemings ouderdom van die land waar hul werk nie.
Wat meer is, Verskaffers sal nooit werkers jonger as 15 in diens neem nie, behalwe kinderakteurs of modelle vir advertensies of media wat beskerm word deur die toepaslike kinderarbeidsvereistes.

## Vergoeding:

Verskaffers sal voldoen aan die toepaslike vergoedingswette en regulasies, insluitend daardie wat verband hou met minimum lone, oortyd premiums, salarisse en voordele.
Verskaffers sal ten minste die wetlike vergoeding of heersende industrie vergoeding, wat meer is, betaal.
HanesBrands erken dat almal wat werk, die reg tot vergoeding het.

HanesBrands erken ook dat totale vergoeding (lone, plus bonusse en ander voordele, oortyd ingesluit) werkers in staat moet stel om hul basiese behoeftes te kan vervul, asook diskresionêre inkomste.
Ons moedig verskaffers aan om 'n regverdige vlak van vergoeding te voorsien.

Waar die doel nie bereik word nie, moet verskaffers saam met ons werk om geskikte stappe te neem om 'n geskikte vlak van vergoeding te bereik.

## Nie-diskriminasie:

Verskaffers sal nie diskrimineer in die indiensneming, vergoeding, bevordering, afdanking of uittrede, gebaseer op 'n persoon se ras, kleur, geslag, nasionale oorsprong (of etnisiteit), ouderdom, ongeskiktheid, geloof, seksuele oriëntasie, geslagsidentiteit, veteraanstatus en enige ander beskermde eienskappe of gelowe nie.
HanesBrands sal voorkeur gee aan daardie Verskaffers wat gelyke geleenthede vir almal bied.

## Verpligte Arbeid:

Verskaffers sal nie gedwonge arbeid of onvrywillige arbeid gebruik waar tronkstraf, skuld of iets dergeliks afbetaal moet word nie.

## Vryheid van Assosiasie en Kollektiewe Bedinging:

Verskaffers sal werknemers se reg om hul vryheid van assosiasie uit te oefen, respekteer.
Terselfdertyd sal Verskaffers die regte van hul werknemers om vryheid van assosiasie te kies, of nie te kies nie, erken.

## Veiligheid en Gesondheid:

Verskaffers sal 'n veilige en gesonde werksomgewing vir hul werknemers skep.
Verskaffers moet verbind wees daartoe om onveilige handelinge en omstandighede, wat hul werknemers, kliënte en die algemene publiek kan benadeel, te elimineer.
Waar toepaslik, geld dit ook vir behuising en eet fasiliteite.

## Werksplek Teistering of Misbruik:

Verskaffers sal werknemers nie blootstel aan fisieke, verbale, seksuele of sielkundige teistering of lyfstraf om werknemers te dissiplineer nie.

## Werksure:

Verskaffers sal voldoen aan alle toepaslike wette en regulasies aangaande werksure.
Buiten in uitsonderlike gevalle, mag werkers nie meer as die wetlike 48 uur plus 12 uur oortyd per week te werk nie, watter een ook al die minste is. Verskaffers moet werkers ten minste 24 aaneenlopende uur toelaat om te rus vir elke 6 werksdae. Oortyd sal nie op 'n gereelde basis vereis word nie, en moet vrywillig wees.

## Omgewing:

HanesBrands glo daarin om besigheid te doen met Verskaffers wat die maatskappy se verbintenis tot die kwaliteit van omgewingsbeskerming deel deur gesonde omgewingsbestuur. Verskaffers sal voldoen aan alle toepaslike omgewingswette en regulasies en sal spoedig planne of programme ontwikkel en implementeer om enige praktyke wat nie daaraan voldoen nie, reg te stel.
Verskaffers sal poog om afval te verminder en verantwoordelike maatstawwe in te stel om die omgewingsimpak van hul verrigtinge te minimaliseer.

## Anti-korrupsie:

HanesBrands voldoen streng aan alle toepaslike wette, insluitend die Wet op Korrupte Buitelandse Praktyke en die V.N. Omkoopwet, en verwag dat Verskaffers dieselfde doen.
Verskaffers sal nie omkoopgeld aanvaar of deelneem aan korrupte praktyke ten einde HanesBrand se besigheidsbelange te bevorder nie. Dit sluit in, direk of indirek, die aanbod, belofte of vergunning van 'n betaling of enige iets van waarde aan plaaslike regeringsbeamptes, politieke partye, kandidate vir politieke kantore of privaat individue ten einde die optrede of besluite van regeringsamptenare of ander individue te beïnvloed.



© 2022 Hanesbrands Inc. Alle regte voorbehou.